# DIE VERBAND TUSSEN APARTHEID EN NASIONAAL-SOSIALISME - 'N HISTORIOGRAFIESE OORSIG

**P de Klerk**[1]

***Summary***

*During the last fifty years a large number of scholarly publications appeared in which the possible influence of the German ideology of National Socialism on the South African policy of apartheid is briefly or, in some cases, extensively discussed. The majority of these publications argue that there was no direct link between National Socialism and apartheid, but there are a significant number of scholars who maintain that National Socialism as a variant of Fascism had an important influence on apartheid. Some of these scholars take a Marxist theory of Fascism as their point of departure and their views have been largely discredited. The arguments of some recent authors, however, are still taken seriously in academic circles. The aim of the article is to provide a survey of the main views about the relationship between apartheid and National Socialism, and to identify dominant trends and key questions. It is concluded that scholars who claim that the influence of the National Socialist ideology on South African political leaders in the period before and during the Second World War resulted in the authoritarian practices which characterised the implementation of apartheid have not done sufficient historical research to substantiate their arguments.*

## 1. INLEIDING

Daar het het gedurende die afgelope vyftig jaar 'n groot aantal wetenskaplike publikasies verskyn waarin menings uitgespreek word oor die vraag of en in hoeverre die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid deur die Duitse ideologie van Nasionaal-Sosialisme (ook bekend as Nazisme) beïnvloed is. Dat daar moontlik so 'n invloed was, is nie 'n vergesogte idee nie, aangesien daar bepaalde ooglopende ooreenkomste tussen Nazisme en apartheid is, veral wat betref beskouinge oor ras en rasseskeiding, en ook omdat sommige van die politieke leiers wat na 1948 verantwoordelik was vir die implementering van die apartheidsbeleid tydens die Tweede Wêreldoorlog simpatiek teenoor Nasionaal-Sosialistiese idees gestaan het. Verskeie skrywers het probeer aantoon dat apartheid 'n vorm van Fascisme is en daarmee bedoel dat dit deel is van 'n groep nou verwante ideologieë, waarvan die Duitse Nasionaal-Sosialisme die bekendste is.

[1] Vakgroep Geskiedenis, Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus). E-posadres: gskpdk@ puknet.puk.ac.za.

Moll (1985) en Furlong (1992) het reeds 'n aantal werke waarin die invloed van Nasionaal-Sosialisme op apartheid behandel word, bespreek. Hulle oorsigte is egter nie volledig nie en hulle gee nie aandag aan skrywers wat probeer aantoon dat daar geen direkte verband tussen apartheid en Nazisme bestaan nie. Verder het daar vanaf die vroeë negentigerjare verskeie publikasies verskyn waarin die onderwerp ter sprake kom. In hierdie artikel word gepoog om 'n oorsigtelike geheelbeeld te bied van die vernaamste wetenskaplike werke waarin hierdie tema aan die orde gestel word en van die beskouinge wat in hierdie geskrifte na vore kom en daarmee enkele hooftendense en kernelemente in die diskussie oor apartheid en Nasionaal-Sosialisme uit te lig.

## 2. VROEË PUBLIKASIES

In die belangrikste werke wat in die twee dekades vanaf 1950 oor die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn het, word geen verband tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme getrek nie. Walker (1957:770) lei, in die derde uitgawe van sy gesaghebbende oorsigswerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, die intellektuele oorsprong van die apartheidsbeleid terug tot die beskouinge van 'n groep Stellenbosche professore. Carter (1962:266-72), wie se werk groot aansien geniet het in die sestigerjare (vgl. Giliomee 2003b:377), stem gedeeltelik met Walker saam. Nie een van die twee skrywers verwys na 'n moontlike Nasionaal-Sosialistiese invloed op apartheid nie. Krüger (1969:238) dui aan dat teenstanders van die Nasionale Party (NP) en sy leier, DF Malan, in die oorlogsjare na hierdie party as Malanazi's verwys het en teen 1948 reeds die apartheidsbeleid as 'n oorblyfsel van die Nazi-leer van rassemeerderwaardigheid bestempel het, maar verklaar dan: "(T)hey saw evidence where none really existed, for the traditional South African practice of racial separation antedated the German theorists by centuries." Soortgelyke beskouings word deur Liebenberg (1968:384-92) en Van Jaarsveld (1969:256-7) gehuldig.

In enkele vroeë werke word wel aangevoer dat Nasionaal-Sosialisme 'n invloed op die beleid van die NP-regering gehad het, sonder om egter hierdie invloed verder te bespreek. Patterson (1957:vii) wil aantoon dat die Boere, wat tydens die Anglo-Boereoorlog 'n verdrukte volk was, ontwikkel het tot die Afrikaners wat nou self die beoefenaars van 'n verdrukkende nasionalisme geword het. Sy meen dat die Suid-Afrikaanse regering se optrede en beleid, veral nadat JG Strijdom in 1954 eerste minister geword het en sy ondersteuners uit die noordelike provinsies in magsposisies geplaas is, gekarakteriseer kan word as "Calvinist authoritarianism" (Patterson 1957:199) en ook as 'n "blend of Potchefstroom theocracy and National Socialism" (Patterson 1957:103). Die outoritêre element in die Afrikaner se

politieke opvattinge kan volgens haar dus teruggevoer word na Calvinistiese beskouinge, maar is versterk deur die invloed van Nasionaal-Sosialisme op die Afrikaners gedurende die Tweede Wêreldoorlog (Patterson 1957:197-9). Vatcher (1965:60) se beskouing kom in sekere opsigte hiermee ooreen. In 'n hoofstuk oor die Afrikaners in die periode van die Tweede Wêreldoorlog maak hy die stelling dat Nasionaal-Sosialisme 'n invloed op die ontstaan van die apartheidsbeleid gehad het: "Hitler's philosophy certainly stiffened Afrikaner pride of race, and the nazi ideas of nationalism corresponded amazingly to the Afrikaners' own unorganized thinking." In latere hoofstukke behandel hy die apartheidsbeleid egter sonder om verder na die invloed van Nasionaal-Sosialisme te verwys.

Volgens Hepple (1967:209) kan die trek van parallelle tussen Suid-Afrika gedurende die regeringstyd van HF Verwoerd en Duitsland gedurende die Nazi-era daartoe lei dat die besondere aard van die Suid-Afrikaanse stelsel nie duidelik na vore kom nie. Tog maak hy wel enkele vergelykings tussen Verwoerd se beskouinge en die Nasionaal-Sosialisme. Hy sien belangrike ooreenkomste tussen Verwoerd se "Broederbond nationalism" en Adolf Hitler se Nasionaal-Sosialisme, en om dit te bewys haal hy aan uit 'n voorgestelde grondwet vir 'n Suid-Afrikaanse republiek wat Verwoerd in 1942 help opstel het en waarin frases voorkom wat sterk aan die Nasionaal-Sosialisme herinner, onder meer verwysings na die eksklusiewe aard van die blanke ras en die dissiplinering van die volk. Hy stel egter nie die vraag of Verwoerd se beskouinge in die veertigerjare, in soverre dit toe aangesluit het by die geestesstrominge van daardie tyd, in latere jare nog by hom aanwesig was nie. Hy probeer verder aantoon dat Verwoerd as eerste minister, soos die destydse Fasciste en Nasionaal-Sosialiste, 'n outoritêre en rassistiese beskouing gehuldig het, en maak hierdie gevolgtrekking onder meer op grond van 'n toespraak waarin Verwoerd Suid-Afrika as 'n demokratiese staat bestempel het hoewel die swart mense, wat die meerderheid van die bevolking uitgemaak het, van die stemreg uitgesluit was (Hepple 1967:230-2).

In twee boeke word 'n baie noue verband tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme getrek. Soos uit die titel van sy werk, **The rise of the South African Reich**, blyk, sien Bunting (1964) Suid-Afrika in die vyftiger- en vroeë sestigerjare as feitlik 'n voortsetting van Hitler se Derde Ryk. Bunting was 'n joernalis en politikus en volg nie 'n baie wetenskaplike benadering nie. Hy verwys reeds in sy voorwoord na die Suid-Afrikaanse regering as "the most vicious régime the world has known since the death of Hitler" (Bunting 1964:ongenommerde bladsy). Aangesien die boek deur die hoogaangeskrewe Penguin-uitgewers gepubliseer is en deur baie latere skrywers aangehaal word, kan dit nie sonder meer afgemaak word as 'n propagandageskrif wat nie deur wetenskaplikes ernstig opgeneem hoef te word nie. Hy dui ooreenkomste tussen die Duitse Neurenbergwette en die Suid-Afrikaanse

apartheidswette aan (Bunting 1964:142-59) en meen dat die Suid-Afrikaanse blankes se gevoel van superioriteit herinner aan die vroeëre Duitse "Herrenvolk"-houding (Bunting 1964:317). Hy toon aan dat baie Afrikaners tydens die Tweede Wêreldoorlog deur die Nazisme beïnvloed is en aanvaar dat hierdie beskouinge in die apartheidsbeleid voortleef. Bunting gee slegs 'n beskrywing van bepaalde ooreenkomste tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme, sonder om dit verder te ontleed, en gee geen aandag aan die verskille nie. Hy gaan uit van 'n Marxistiese teorie van die Fascisme waarin byna alle politieke beskouinge wat negatief teenoor Marxisme en Kommunisme staan as Fascisme getipeer word (vgl. O'Meara 1983:9; Schellack 1992:175). Selfs latere Marxistiese skrywers soos Simson (1980:25) kritiseer Bunting vir sy gebrek aan wetenskaplikheid. Sachs (1965) was, soos Bunting, in die Suid-Afrikaanse politiek bedrywig en het veral 'n belangrike rol in die vakbondwese gespeel. Hy meen dat die NP met sy apartheidsbeleid "ruthlessly began to carry on where Hitler left off" (Sachs 1965:9) en vind die oorsprong van apartheid eweneens in Nasionaal-Sosialistiese denkrigtinge in Suid-Afrika gedurende die veertigerjare (Sachs 1965:227).

## 3. WERKE VAN DIE SEWENTIGER- EN TAGTIGERJARE

In die sewentiger- en tagtigerjare jare het daar meer werke as in die vorige twee dekades verskyn waarin Suid-Afrika se apartheidsbeleid en die moontlike verband met Duitse Nasionaal-Sosialisme bespreek word.

In baie van hierdie boeke word nie beweer dat Nazisme 'n invloed op apartheid gehad het nie. Hoewel die invloedryke **Oxford History of South Africa** baie krities is oor die apartheidsbeleid, word daarin verklaar dat die Nasionaal-Sosialistiese invloed op die NP na die oorlog tot 'n einde gekom het (De Villiers 1971:387). Davenport, wie se werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskeie heruitgawes beleef het en vandag nog as een van die gesaghebbendste oorsigte aanvaar word, sien die apartheidsbeleid as gedeeltelik 'n voortsetting van vroeëre tradisies van rassesegregasie en gedeeltelik die resultaat van beskouinge wat in die dertigerjare in die Afrikaner-Broederbond ontwikkel is; dit word nie verbind met Nasionaal-Sosialistiese denke onder Afrikaners in die oorlogsjare nie (Davenport 1987: 356-7).

Daar het verskeie werke verskyn waarin gepoog word om beskouinge wat apartheid met Nasionaal-Sosialisme verbind te weerlê. Van Heerden (1972: 367-88), outeur van die eerste omvattende werk oor die invloed van Nasionaal-Sosialisme op die Suid-Afrikaanse politiek in die jare rondom die Tweede Wêreldoorlog, probeer aantoon dat die demokrasie 'n inherente deel van die Afrikaner se geskiedenis uitmaak en dat Nasionaal-Sosialisme eintlik vreemd aan die Afrikaanse volkaard is;

Nasionaal-Sosialisme is as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek deur Afrikanernasionalisme, soos vertolk deur die NP, uitgeskakel, en het uiteindelik baie min invloed op die Afrikaner se politieke beskouinge gehad. Aangesien Van Heerden slegs oor die periode voor 1948 intensiewe navorsing gedoen het, berus sy gevolgtrekkings oor die langtermyn-invloed van Nasionaal-Sosialisme nie op deeglike bronnestudie nie, soos latere historici wat nie sy siening steun nie dan ook na vore bring (o.a. Furlong 1992:116). Van Heerden se beskouing word grotendeels onderskryf deur Du Toit (1975:37) wat in sy bespreking oor apartheid en Afrikanernasionalisme aandui dat Nasionaal-Sosialisme slegs 'n kortstondige invloed op die politieke beskouinge van die Afrikaners gehad het. Oor die vier eerste ministers wat van 1948 tot 1978 aan bewind was, het daar biografieë verskyn waarin gepoog word om aan te toon dat hulle nooit Nasionaal-Sosialistiese denkbeelde gehuldig het nie en steeds ten gunste van 'n demokratiese stelsel was (Scholtz 1974:106-7,169-72; Basson 1980:456-61, 576-7; Thom 1980:17,121; Terblanche 1983:116,124).

Adam (1971:37-52) kom in sy analise van Suid-Afrika se politieke stelsel in die sestigerjare tot die gevolgtrekking dat dit nie as 'n totalitêre staat beskou kan word nie en dat daar bepaalde ooreenkomste maar ook wesenlike verskille tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme is, onder meer dat Nasionaal-Sosialisme op aggressiewe uitbreiding gerig was, maar apartheid op die behoud van die status quo (dit wil sê van blanke beheer oor die grootste deel van Suid-Afrika). Hy meen dat die aard van apartheid beter begryp kan word deur die verskille met Nasionaal-Sosialisme aan te toon eerder as om die ooreenkomste te beklemtoon. Dat sommige NP-leiers vroeër die Nasionaal-Sosialisme aangehang het, kom ooreen met die situasie in Wes-Duitsland gedurende die vyftiger- en sestigerjare waar daar ook onder die bewindhebbers persone was wat vroeër die Nazi-ideologie ondersteun het (Adam 1971:50; vgl. Adam en Giliomee 1979:25-38). In aansluiting hierby wys Bilger (1976:481) op enkele kardinale verskille tussen die Duitse rassewette van die Nazi-era en die latere Suid-Afrikaanse apartheidswette, terwyl Munger (1979:122) aandui dat sommige aanhangers van Nasionaal-Sosialistiese idees in die oorlogsjare, soos Erika Theron, later krities teenoor die apartheidsbeleid gestaan het.

Een van die belangrikste werke van die tagtigerjare waarin gepoog word om aan te dui dat apartheid en Fascisme nie met mekaar verband hou nie, is dié van Moll (1985). Hy maak 'n analise van die verskillende teorieë en interpretasies van Fascisme en onderskei op grond daarvan 'n aantal kriteria waarvolgens bepaal kan word of 'n staat as Fascisties of nie beskou moet word. Na 'n behandeling van boeke, koerantberigte en ander geskrifte waarin beweer word dat Suid-Afrika 'n Fascistiese staat is, kom hy tot die gevolgtrekking dat, gemeet aan die kriteria, die

Suid-Afrikaanse staat teen 1985 "nie by benadering die minimumkenmerke van Fascisme" vertoon nie (Moll 1985:164). Van die vernaamste redes waarom Suid-Afrika nie as 'n Fascistiese staat beskou kan word nie, is dat parlementêre demokrasie nog steeds bestaan, daar geen stelselmatige toepassing van geweld en terreur is nie, die mite van 'n onfeilbare leier nie aanvaar word nie, 'n ekspansionistiese buitelandse beleid nie nagestreef word nie en die regsorde nie afgetakel word nie. Soos Moll verwerp O'Meara (1983:9-11) pogings om Suid-Afrika en sy apartheidsbeleid in 'n Fascistiese model in te pas. Hoewel so 'n model bepaalde vergelykende perspektiewe bied, is 'n studie van die besondere historiese omstandighede in Suid-Afrika van groter waarde om die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing te begryp.

Enkele skrywers probeer aantoon dat daar wel 'n indirekte verband bestaan tussen die idees wat onderliggend is aan apartheid en die Nasionaal-Sosialisme. De Klerk (1975:199) meen dat ooreenkomste tussen Afrikanernasionalisme en Duitse Nasionaal-Sosialisme veral te vinde is in 'n verlossingsidee wat gewortel is in sewentiende-eeuse Calvinistiese Puritanisme. Minder vergesog is die beskouing van Moodie (1975) wat daarvan oortuig is dat die ideologie van Christelike nasionalisme aan die wortel van die apartheidsbeleid lê. In hierdie ideologie het elemente van Kuyperiaanse Calvinisme en Neo-Fichteaanse nasionalisme vermeng geraak (Moodie 1975:267-70). Afrikanerdenkers soos N Diederichs en PJ Meyer se opvattinge toon die invloed van die filosoof JG Fichte (1762-1814), wie se beskouinge 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Duitse nasionalisme gehad en ook 'n neerslag gevind het in die Nasionaal-Sosialisme. Moodie se beskouing kan gesien word as 'n konsekwensie van die feit dat Afrikanernasionalisme en Duitse Nasionaal-Sosialisme beide vorme van nasionalisme is; die beklemtoning van die volksverband ten koste van ander aspekte van die samelewing is 'n belangrike kenmerk van die meeste vorme van nasionalisme en kom daarom by sowel Duitse Nazi's as voorstanders van apartheid voor (vgl. ook die kritiek van Brits 1994:92).

Soos Moodie meen Schutte (1986) dat 'n Afrikaanse "volksnasionalisme" (waarna Moodie as Neo-Fichteanisme verwys), wat beïnvloed is deur Duitse geestes-strominge van die dertigerjare en in 'n "geseculariseerde, conservatieve, autoritaire nationalistische traditie" staan (Schutte 1986:192), 'n belangrike element in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme was en politieke beskouinge ook na 1948 beïnvloed het (Schutte 1986:194-5). Hy doen egter geen ondersoek om die invloed van "volksnasionalisme" na vore te bring nie. Bloomberg (1989:142-4) sien 'n gemeenskaplike intellektuele agtergrond in Nasionaal-Sosialisme en Afrikaanse Neo-Calvinisme. A Kuyper, die vader van die Nederlandse Neo-Calvinisme, en sy politieke volgelinge het hulself anti-rewolusionêres genoem en daarmee bedoel dat

hulle gekant was teen die idees van die Franse Rewolusie. Hy oorskat egter, soos Hexham (1981) en andere, die invloed van die Kuyperiaanse Calvinistiese denke in die ontwikkeling van die Afrikaner se politieke beskouinge (vgl. hieroor Schutte 1986:185-98).

Twee skrywers lê, albei vanuit 'n Marxistiese uitgangspunt, 'n direkte verband tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme. Seidman en Seidman (1977:56) verbind apartheid met staatskapitalisme, wat hulle dan as 'n vorm van Fascisme klassifiseer (vgl. die kritiek van Adam en Giliomee 1979:25-6 op hierdie beskouing). Simson (1980) sien eweneens 'n noue verband tussen kapitalisme en Fascisme. Hy gee 'n bespreking van verskillende Marxistiese teorieë van Fascisme en gebruik 'n bepaalde teorie, gegrond op die navorsing van N Poulantzas, as basis vir sy analise van die Suid-Afrikaanse samelewing. Soos Moodie vereenselwig hy die ideologie van apartheid met Christelike Nasionalisme en bespreek in hierdie verband kortliks die denke van Diederichs, wat hy as die vernaamste filosoof van die Afrikanerdom beskou (Simson 1980:169-73). Hoewel hy, anders as die meeste Marxistiese denkers, apartheid nie slegs uit materiële faktore verklaar nie, berus sy studie tog hoofsaaklik op 'n bepaalde teoretiese model van Fascisme waarin apartheid gerieflik inpas (vgl. O' Meara 1983:11). Die teorieë wat hy as uitgangspunt neem, word nie meer vandag wyd aanvaar nie, en verder het hy geen deeglike bronnestudie gedoen nie (vgl. Furlong 1992:114), sodat sy werk nie as 'n belangrike bydrae tot die ondersoek na die invloed van Nasionaal-Sosialisme op die apartheidsbeleid beskou kan word nie.

Anders as die vorige twee skrywers gaan Mzimela (1980) nie van 'n Marxistiese teorie van Fascisme uit nie. Hy bespreek, na 'n afsonderlike behandeling van, onderskeidelik, die ontwikkeling van die Nasionaal-Sosialistiese staat in Duitsland en apartheid in Suid-Afrika, die ooreenkomste en verskille tussen Nazisme en apartheid. Hy vergelyk in besonder die lot van die Jode in Duitsland met dié van swart mense in Suid-Afrika. Mzimela sien baie ooreenkomste tussen Nazi- en apartheidswette, met as vernaamste verskil dat die Afrikaners nog nie met 'n program van uitwissing van die swart inwoners begin het nie (Mzimela 1980:174). Hierdie werk is hoofsaaklik op gepubliseerde bronne gebaseer en geen diepgaande studie nie. Dit bevat onjuiste stellings soos dat Malan, Strijdom, Verwoerd en Vorster almal selferkende ondersteuners van die Nazi's was (Mzimela 1980:215; vgl. ook die kritiek van Furlong 1991:xiv-xv). Soos Mzimela is Morphew (1989) veral geïnteresseerd in die verhouding van die kerk tot die apartheidsbeleid. Hy veroordeel apartheid op Christelike gronde as 'n kettery en sien dit tegelykertyd as 'n vorm van Fascisme (Morphew 1989:61-80). Sy werk kan moeilik as 'n deeglike studie beskou word. Hy steun sterk op ander skrywers, veral Moodie (1975), van

wie se beskouing oor die invloed van Neo-Fichteanisme op Afrikanernasionalisme hy 'n verkorte weergawe verskaf (Morphew 1989:63-72).

Hagemann se werk (1989) handel oor die verhouding tussen Suid-Afrika en die Duitse Derde Ryk en nie oor die periode na 1948 nie, maar hy maak nogtans enkele gevolgtrekkings oor die invloed van Nasionaal-Sosialisme op Suid-Afrika in die periode na die Tweede Wêreldoorlog. Hy meen dat die ideologie van Christelike Nasionalisme, wat volgens hom reeds in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, maar steeds 'n dominerende rol in Suid-Afrika gedurende die apartheidsperiode gespeel het, as 'n vorm van Fascisme beskou kan word. Dit het 'n sterk nasionalistiese, antiparlementêre, antiliberale en anti-Marxistiese inslag soos die Fascistiese bewegings in Europa (Hagemann 1989:346). In 'n latere artikel (Hagemann 1992:147) verklaar hy dat, hoewel direkte invloed van Nazisme op apartheid nie aangetoon kan word nie, Afrikanerintellektuele in die dertigerjare beïnvloed is en dat "leading pro-Nazi intellectuals" in 1948 aan bewind gekom het. Hagemann meen dus dat Afrikanerdenkers wat aangetrokke was tot die Nasionaal-Sosialisme 'n eie vorm aan hierdie ideologie gegee het wat as Christelike Nasionalisme bestempel kan word (vgl. Schellack 1992:177). Hy toon egter nie aan dat Christelike Nasionalisme 'n ideologie is waarvan die vernaamste kenmerke vanaf die dertigerjare tot in die apartheidsperiode dieselfde gebly het nie.

## 4. RESENTE STUDIES

Sedert 1990 is daar meer indringend as tevore ondersoek gedoen na die moontlike verband tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme.

Sparks (1990:162-7,175) en Griffin (1991:156-60) wy elk enkele bladsye aan die invloed van Nazisme op Afrikaanse politieke denke en albei meen dat, hoewel openlike Nasionaal-Sosialisme onder Afrikaners met die disintegrasie van die Ossewa-Brandwag en soortgelyke organisasies van die toneel verdwyn het, aanhangers van dié idees lede van die NP geword en hierdie idees in die party ingedra het. Sparks, 'n joernalis, en Griffith, skrywer van 'n algemene werk oor Fascisme, se geskrifte is nie op argiefstudie gegrond nie. Furlong (1991) kom egter na 'n omvattende bronnestudie tot 'n soortgelyke gevolgtrekking. Die grootste deel van sy werk handel oor die politieke ontwikkelinge in Afrikanergeledere voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy meen dat die NP in die laat dertigerjare 'n interne transformasie ondergaan het, waardeur dit veral in Transvaal 'n meer outoritêre karakter gekry het (Furlong 1991:97-118). Terwyl die Ossewa-Brandwag en ander regse organisasies na 1945 nie meer 'n betekenisvolle politieke rol gespeel het nie, het daar, veral deur die toedoen van die Afrikaner-Broederbond, 'n versoening tussen die ondersteuners van hierdie bewegings en dié van die NP plaasgevind, so-

dat die NP voor en tydens die verkiesing van 1948 meer was as 'n gewone politieke party; dit was 'n volksbeweging wat bestaan het uit ondersteuners van die NP, die Ossewa-Brandwag en die Broederbond en wat 'n nou verweefde geheel gevorm het waarin "radikaal regse" groepe (waarmee hy veral die ondersteuners van Nasionaal-Sosialisme bedoel) 'n belangrike rol gespeel het (Furlong 1991:219-25,235-9). Na sy bewindsaanvaarding het Malan verskeie persone wat in die oorlogsjare sterk Nazi-gesind was in belangrike regeringsposte aangestel (Furlong 1991:244-8). Hierbenewens het die rassebeskouinge van denkers soos G Cronjé, wat deur Nasionaal-Sosialisme beïnvloed is, 'n vername rol gespeel in die formulering van die apartheidsbeleid (Furlong 1991:225-30;251). Volgens Furlong (1991:257-8) was daar vanaf die vyftigerjare toenemende staatsbeheer oor verskillende aspekte van die samelewing, en dít was waarskynlik as gevolg daarvan dat persone wat sterk deur die Nasionaal-Sosialisme beïnvloed is in magsposisies beland het waar hulle hul ideologie prakties kon toepas. Hy gee toe dat leiers wat moontlik diktatoriale strewes gehad het, beperk is deur die feit dat 'n volksdemokrasie nog in 'n belangrike mate bly bestaan het (Furlong 1991:260). Sy uiteindelike gevolgtrekking kom in baie opsigte ooreen met die siening van Patterson, wat reeds in haar werk van 1957 uiteengesit is. Na 1948 het 'n vorm van outoritarisme in Suid-Afrika ontwikkel wat nie sonder meer as Fascisties bestempel kan word nie, maar wat voortbou op die outoritêre tradisie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in die tyd van Paul Kruger en versterk is deur die invloed van die Nasionaal-Sosialisme, wat in die vroeë veertigerjare deur so baie Afrikaners aangehang is (Furlong 1991:262). Eers in die laat tagtigerjare, toe die meeste leiers wat hul politieke vorming in die oorlogsjare ondergaan het, van die toneel verdwyn het, kon meer pragmatiese politici oorneem om die land uit die "moeras van apartheid" te lei (Furlong 1991:264).

Furlong het hom, volgens sy voorwoord (Furlong 1991:xvii), ten doel gestel om die vraag te probeer beantwoord of die feit dat sommige anti-apartheidsaktiviste na die ondersteuners van die NP-bewind as "modern Nazis" verwys het, korrek is of nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die apartheidstelsel nie direk 'n vorm van Nasionaal-Sosialisme of Fascisme is nie, maar dat dit tog sterk daardeur beïnvloed is. Sy navorsing blyk egter onvoldoende te wees om hierdie invloed aan te toon. Daar kan moeilik fout gevind word met sy gevolgtrekking dat daar teen 1948 baie NP-ondersteuners was wat deur Nazi-idees beïnvloed was, en dat sommige van hulle later invloedryke posisies beklee het, maar daarmee is nog nie bewys dat hulle steeds hierdie idees probeer toepas het en daardeur in 'n belangrike mate daartoe bygedra het dat Suid-Afrika in die apartheidsera verskeie kenmerke van 'n outoritêre staat getoon het nie. Navorsing oor die optrede van politieke leiers en amptenare wat moontlik nog deur Nasionaal-Sosialistiese idees beïnvloed was tydens die NP-bewind, is daarvoor nodig. Die invloed wat Cronjé en andere op die ontwerp van die apartheidsbeleid gehad het, word nie baie deeglik bespreek nie en deur

ander skrywers betwis, soos hieronder verder na vore kom. Tog het Furlong se werk heelwat aandag in wetenskaplike kringe getrek en word daar met instemming na sy gevolgtrekkings verwys deur Suid-Afrikaanse historici soos Schellack (1992:179,181) en Grundlingh (1993:275) en ook deur sosiaal-wetenskaplikes wat oor Fascisme skryf, onder meer Gilroy (2000:27) en Davies en Lynch (2002:383).

Daarteenoor verklaar Fisch (1990:272) dat apartheid nie as 'n uitvoeisel van Nazisme gesien moet word nie, maar as deel van 'n baie meer omvattende Europese tradisie. Ooreenkomste tussen Nasionaal-Sosialisme en apartheid kan veral teruggevoer word na opvattinge oor die ongelykheid van rasse wat vanaf die middel van die vorige eeu wyd verspreid was in Europa en Noord-Amerika. Veral die Britte het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse stelsel van rassediskriminasie (Fisch 1990:274). In sy studie van die rassevraagstuk in die blanke politiek kort voor 1948 beklemtoon Brits (1994:89-93) dit dat die struktuur waarop apartheid gebou is in die eerste plek die inheemse tradisie van segregasie was. Verder het sendelinge van Duitse sendinggenootskappe, al is dit indirek, 'n betekenisvolle invloed op die formulering van die apartheidsbeleid gehad. Hulle was nie onder invloed van die Nasionaal-Sosialisme nie, maar die Nazi's het later by Duitse teologiese beskouinge oor volk en ras aangesluit in die uitbouing van hul ideologie. Persone soos Diederichs, Meyer en Cronjé, wat in die dertiger- en veertigerjare aangetrokke was tot die idees van die Nasionaal-Sosialisme, het volgens hom nie 'n belangrike rol in die beplanning van die apartheidsbeleid gespeel nie. Dubow (1995:246-83,287-8) toon aan dat 'n verskeidenheid beskouinge 'n invloed gehad het op die apartheidsbeleid en dat dit nie slegs op teorieë van rassesuperioriteit, soos wat dit onder meer by die Duitse Nazi's voorgekom het, gefundeer is nie.

Giliomee (2003a en 2003b) het 'n deeglike studie gedoen van die rol wat verskillende persone en idees gespeel het in die formulering van die apartheidsbeleid en tot gevolgtrekkinge gekom wat baie met dié van Brits ooreenstem. Hy toon aan dat in die tyd van Malan se leierskap Kaapse politici en intellektueles 'n dominerende rol in die NP gespeel het en dat hulle nie veel waardering vir die beskouinge van Diederichs, Meyer en Cronjé gehad het nie. Die NP-leiers van die Suide was oor die algemeen pragmaties ingestel en het omvattende filosofiese beskouings en utopiese oplossings skepties bejeën. Die akademici wat as hul adviseurs opgetree het, is beïnvloed deur wetenskaplike ontwikkelinge in die Verenigde State, Groot-Brittanje, Nederland en Duitsland voor die Nazi-era (Giliomee 2003b:378-9). Op grond van 'n studie van, onder meer, dokumente en publikasies uit die dertiger- en veertigerjare wat betrekking het op die Nasionale Party, die Afrikaner-Broederbond en die Nederduits-Gereformeerde Kerk, kom hy tot die slotsom dat die Broederbond min invloed op die formulering van die apartheidsbeleid gehad het en dat die

Nederduits-Gereformeerde Kerk en akademici wat deur die Duitse sendingtradisie en sendingteologie beïnvloed is eerder 'n belangrike rol gespeel het. Hy meen ook dat die idees wat die belangrike Afrikaanse digter en denker, NP van Wyk Louw, oor "liberale nasionalisme" en "voortbestaan in geregtigheid", veral in die vyftiger- en sestigerjare, na vore gebring het, daartoe gelei het dat etiese aspekte groter aandag in die latere ontwikkeling van die apartheidsbeleid gekry het (Giliomee 2003a:472-4; 2003b:386-8). Hy toon aan dat die politieke stryd tussen die NP en die Verenigde Party in die jare voor 1948 veral daarvoor verantwoordelik was dat die NP met apartheid as 'n meer radikale en idealistiese vorm van die tradisionele segregasiebeleid na vore gekom het. Segregasiepraktyke wat toe nog in die Amerikaanse Suide voorgekom het, het ook 'n invloed op die formuleerders van die apartheidsbeleid gehad (Giliomee 2003b:382,388-90). Uiteindelik kan die opvattinge onderliggend aan apartheid teruggevoer word na rassebeskouinge wat wyd verspreid was in die Westerse wêreld gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu en ook nog in die dekade daarna redelik algemeen voorgekom het (Giliomee 2003a:495-6).

Giliomee (2003b:391) meen dat die belangrike rol wat die Broederbond en persone soos Verwoerd, Diederichs en Meyer in die sestigerjare gespeel het, meegebring het dat Moodie, Hagemann, Furlong en ander skrywers die invloed van hul beskouinge en optrede in die dertiger- en veertigerjare oorskat het. Die beklemtoning van ideologiese parallelle tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme deur anti-apartheidstryders en die inslag wat hierdie gedagterigting in Westerse politieke en intellektuele kringe gehad het, het moontlik verder daartoe gelei dat hierdie skrywers invloede raakgesien het wat eintlik nie bestaan het nie. Kapp (2003:284) sien dit as 'n verdienste van Giliomee se studie dat hy die ontwikkeling van rassevehoudinge in Suid-Afrika in 'n breë konteks, ook deur vergelyking met ander lande, bestudeer het, en op grond daarvan die onjuistheid kon aandui van die neiging om rassebeleid en rassehoudings aan teorieë van Nazi-oorsprong toe te skryf. Scholtz en Scholtz (2002b:707) onderskryf die beskouing van Giliomee, Fisch en Brits dat Nasionaal-Sosialisme na 1948 geen invloed meer op beskouinge binne die NP oor die aard van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel gehad het nie.

Daarenteen herbevestig Furlong (2003), in 'n bespreking van Giliomee se **The Afrikaners,** sy beskouing, soos in sy boek (Furlong 1991) uiteengesit, naamlik dat die invloed van Nasionaal-Sosialisme op die Afrikaners veral daarvoor verantwoordelik was dat 'n vorm van outoritarisme na 1948 in Suid-Afrika sy beslag gekry het. Hy meen dat Giliomee die rol van noordelike NP-lede in die formulering van die apartheidsbeleid onderskat en dat hy die invloed van "gematigde" Kaapse lede in die party oorskat; verskeie oudlede van Nasionaal-Sosialisties-gesinde organisasies,

soos die Ossewa-Brandwag, het belangrike poste in die NP en die regering na 1948 beklee (Furlong 2003: 209,221; vgl. ook die kritiek van Freund 2003:266).

Oor die vraag wie die belangrikste aandeel in die formulering van die apartheidsbeleid gehad het, het Giliomee seker nie die laaste woord gespreek nie. Hoewel hy dieper op die saak ingaan as vroeëre skrywers, kan daar nog meer navorsing oor hierdie onderwerp gedoen word. Ook die vraag in hoeverre Suid-Afrika se regeringstelsel na 1948 as een van outoritarisme bestempel kan word, en watter faktore tot veranderinge in die rigting van 'n outoritêre stelsel gelei het, kan seker nog verder ondersoek word.

## 5. SLOTBESKOUING

Die meeste skrywers van gesaghebbende werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat sedert die vyftigerjare van die vorige eeu verskyn het, sien geen noue verwantskap tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme nie. Vanaf die vyftigerjare tot 2003 het daar tog ook 'n hele aantal werke verskyn waarin gepoog word om aan te toon dat Nazisme 'n invloed op apartheid gehad het. Sommige van hierdie publikasies kan nie as wetenskaplike studies beskou word nie of gaan uit van Marxistiese teorieë van Fascisme wat in diskrediet geraak het. Tog is daar enkele skrywers, veral Hagemann en Furlong, wat tans nog ernstig in akademiese kringe opgeneem word. Daar kan nog nie met sekerheid gesê word dat die debat oor die verband tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme verby is nie.

Uit die historiografiese oorsig kom enkele kernsake met betrekking tot die probleem oor die verhouding tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme na vore. Die term Fascisme word soms gebruik om 'n groot verskeidenheid politieke ideologieë te dek, ook ideologieë van die periode ná die Tweede Wêreldoorlog. Duitse Nasionaal-Sosialisme en Italiaanse Fascisme moet egter ook gesien word as deel van die politieke tendense en strominge wat gedurende die dertigerjare van die vorige eeu in die Westerse wêreld voorgekom het. Soos in Suid-Afrika was daar in feitlik alle Europese lande gedurende hierdie periode politici en akademici wat simpatiek teenoor dié ideologieë gestaan het (vgl. Woolf, 1981). Die Tweede Wêreldoorlog het meegebring dat hierdie idees in diskrediet geraak het en het verder gelei tot ingrypende veranderinge in die Westerse samelewing; in die nuwe omstandighede het hierdie ideologieë nie meer gepas nie. Akademici en, meer nog, politici se beskouinge bly selde gedurende hulle hele lewe konstant en word voortdurend deur tydsomstandighede beïnvloed. Daarom is dit nie vreemd nie dat iemand soos BJ Vorster in die vroeë veertigerjare simpatiek teenoor Nasionaal-Sosialistiese idees gestaan het, maar as eerste minister 'n pragmatiese beleid gevolg het en gekant was teen ver regse elemente in die NP wat apartheid strenger wou

deurvoer (Giliomee 2003a:550,557). Nasionaal-Sosialisme het na die Tweede Wêreldoorlog as politieke faktor in Westerse lande verdwyn en in baie van die werke wat hierbo bespreek is, word aangedui dat dit ook die geval was in Suid-Afrika.

Verskeie skrywers beskou "Christelike nasionalisme" as die dominante Afrikaner-ideologie vanaf die dertigerjare en sien dit as 'n vorm van Fascisme of ten minste as 'n ideologie wat verwant is aan Fascisme en Nasionaal-Sosialisme. Die term Christelik-Nasionaal is dikwels deur Afrikaanse politieke, kulturele en akademiese leiers vanaf die vroeë twintigste eeu tot 'n dekade of wat gelede gebruik, maar meesal in 'n vae sin, en die feit dat persone wat simpatiek gestaan het teenoor die Nasionaal-Sosialisme, soos Meyer, dit in die oorlogsjare gebruik het (vgl. De Klerk 1989:73-81), beteken nie dat daar 'n direkte lyn te trek is van hul beskouinge na latere organisasies en persone nie. Die enigste element wat al diegene wat 'n voorliefde vir die term Christelik-Nasionaal toon, gemeen het, is dat hulle die Afrikaners as in wese 'n Christelike volk sien (vgl. Botha 1982). As daar 'n deurlopende draad in die Afrikaanse politieke denke vanaf die vroeë twintigste eeu gevind kan word, is dit Afrikanernasionalisme, wat, soos ander vorme van nasionalisme, bepaalde ideologiese kenmerke het. Nasionalisme impliseer die bevordering van die eie volk se belange, soms ten koste van dié van ander groepe en volke, en waar apartheid tot die onderdrukking van ander groepe gelei het, was die motivering van die regeringsleiers dikwels dat dit nodig was vir die voortbestaan van die Afrikaner (vgl. Coetzer 1994:707; Giliomee 2003a:557). Apartheidsmaatreëls is soms geregverdig deur te verklaar dat dit tydelik was; uiteindelik sou elke volk en groep gelyke regte hê, maar dit het al meer geblyk dat so 'n einddoel 'n onbereikbare ideaal was (vgl. Coetzer 1994:707-9; Giliomee 2003:487-634). Afrikanernasionalisme het reeds lank voor die Tweede Wêreldoorlog bestaan en die Fascistiese vorm wat dit in die oorlogsjare binne die Ossewa-Brandwag en ander organisasies aangeneem het, was slegs 'n besondere uitloper daarvan. Dit is daarom voor-die-hand-liggend dat die faktore wat gelei het tot verdrukkende maatreëls teenoor die grootste deel van die land se inwoners te vinde is in die aard van Afrikanernasionalisme, tesame met die ontwikkeling van rasseverhoudinge in die land oor die afgelope eeue en die besondere omstandighede in Suid-Afrika en die wêreld na 1945, soos die Koue Oorlog, Afrikanasionalisme en toenemende verstedeliking. Dit lyk onnodig en vergesog om hierdie maatreëls te probeer verklaar uit die deurwerking van Nasionaal-Sosialistiese idees.

Patterson, Furlong en andere verwys na Suid-Afrika ná 1948 as 'n outoritêre staat en meen dat sommige Afrikaners se aanvaarding van Nasionaal-Sosialistiese idees in die oorlogsjare tot so 'n omvorming van die regeringstelsel bygedra het. Hoewel Suid-Afrika in die apartheidsjare baie kenmerke van 'n outoritêre staat getoon het,

is dit nooit soos tipiese outoritêre state deur 'n diktator geregeer nie. Patterson en Furlong meen ten onregte dat die Afrikaners 'n outoritêre regeringstradisie het. Die Afrikaners en hul voorouers het vanaf die vroeë negentiende eeu 'n voorkeur vir 'n regeringsvorm met sterk demokratiese trekke getoon en Kruger se republiek kan beslis nie as 'n outoritêre staat beskou word nie (vgl. Scholtz en Scholtz 2002a; 2002b). Ook na 1948 het verskeie kenmerke van die demokratiese stelsel behoue gebly, al was dit hoofsaaklik net op die blanke bevolking van toepassing. Sommige skrywers verwys dus na die Suid-Afrikaanse politieke stelsel na 1948 as 'n "Herrenvolk-demokrasie" (Vickery 1974) of 'n rasse-oligargie (Adam 1971).

Dat Afrikanernasionalisme en Afrikaanse rassebeskouinge beïnvloed is deur idees wat gedurende die negentiende eeu in Europa voorgekom het en dat Duitse Nasionaal-Sosialisme ook deur hierdie idees beïnvoed is, sal deur min akademici betwyfel word. Dit bewys egter nie dat daar 'n noue verwantskap tussen apartheid en Nasionaal-Sosialisme was nie. Vroeg negentiende-eeuse filosofieë waarin die volk 'n sentrale plek beklee, het byvoorbeeld 'n invloed gehad op baie latere beskouinge en ideologieë, waaronder die Marxisme, en ook op die ontwikkeling van nasionalistiese idees oral in Europa en later in Asië en Afrika (vgl. Breuilly 1993).

Om te probeer aantoon dat Nasionaal-Sosialistiese of Fascistiese idees 'n invloed gehad het op Suid-Afrikaanse regeringsleiers wat apartheid geïmplementeer het, moet hierdie leiers se toesprake, briewe en ander dokumente gedurende die periode van ongeveer 1945 tot 1975 bestudeer word en nagegaan word om vas te stel in hoeverre sulke idees direk of indirek by hulle voorgekom het. Geen skrywer het nog op hierdie wyse probeer toon dat Nazisme apartheid beïnvloed het nie. Sodanige navorsing kan moontlik 'n nuwe bydrae tot die debat oor Nasionaal-Sosialisme en apartheid lewer.

## BRONVERWYSINGS

Adam H 1971. **Modernizing racial domination: South Africa's political dynamics.** Berkeley: University of California.

Adam H en Giliomee H 1979. **The rise and crisis of Afrikaner power.** Kaapstad: Philip**.**

Basson JL 1980. **JG Strijdom; sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948.** Pretoria: Wonderboom.

Bilger HR 1976. **Südafrika in Geschichte und Gegenwart.** Konstanz: Universitätsverlag.

Bloomberg C 1989. **Christian Nationalism and the rise of the Afrikaner Broederbond in South Africa, 1918-1948.** Bloomington: Indiana University.

Botha ME 1982. **Christelik-nasionaal: outentieke, ideologiese of gesekulariseerde nasionalisme?** Potchefstroom: PU vir CHO.

Breuilly J 1993. **Nationalism and the state.** Manchester: University Press (Tweede uitgawe.)

Brits JP 1994. **Op die vooraand van apartheid.** Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Bunting B 1964. **The rise of the South African Reich.** Harmondsworth: Penguin.

Carter G 1962. **The politics of inequality; South Africa since 1948.** Londen: Thames en Hudson (Derde uitgawe).

Coetzer PW (red.) 1994. **Die Nasionale Party, deel 5: Van oorlog tot oorwinning, 1940-1948.** Bloemfontein: UOVS.

Davenport TRH 1987. **South Africa; a modern history.** Johannesburg: Macmillan (Derde uitgawe).

Davies P en Lynch D 2002. **The Routledge companion to Fascism and the far right**. Londen: Routledge.

De Klerk P 1989. Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag. **Joernaal vir Eietydse geskiedenis** 14(1):43-81.

De Klerk WA 1975. **The Puritans in Africa; a history of Afrikanerdom.** Harmondsworth; Penguin.

De Villiers R 1971. Afrikaner nationalism. In: Wilson M en Thompson LM (reds.). **The Oxford history of South Africa**, band 2, pp. 365-423. Oxford: Clarendon.

Dubow S 1995. **Illicit union; scientific racism in modern South Africa.** Cambridge: University.

Du Toit A 1975. Ideological change, Afrikaner nationalism and pragmatic racial domination in South Africa. In: Thompson L en Butler J (reds.). **Change in contemporary South Africa**, pp. 19-51. Berkeley: University of California.

Fisch J 1990. **Geschichte Südafrikas.** München: DTV.

Freund B 2003. Book review: **The Afrikaners: biography of a people. South African Historical Journal** 49:264-7.

Furlong PJ 1991. **Between crown and swastika; the impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the Fascist era.** Johannesburg: Witwatersrand University.

Furlong PJ 1992. Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism: an assessment of the historiography. **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal** 27: 113-26.

Furlong PJ 2003. Apartheid, Afrikaner nationalism and the radical right; historical revisionism in Hermann Giliomee's **The Afrikaners. South African Historical Journal** 49: 207-22.

Giliomee H 2003a. **The Afrikaners; biography of a people.** Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee H 2003b. The making of the apartheid plan. **Journal of Southern African Studies** 29(2):373-92.

Gilroy P 2000. **Against race; imagining political culture beyond the color line.** Cambridge (Mass.): Belknap.

Griffin R 1991. **The nature of Fascism.** Londen: Routledge.

Grundlingh AM 1993. **1934-1948.** In: Liebenberg BJ en Spies SB (reds.). **South Africa in the twentieth century,** pp. 267-318**.** Pretoria: Van Schaik.

Hagemann A 1989. **Südafrika und das "Dritte Reich"; rassenpolitische Affinität und machtpolitische Rivalität.** Frankfurt: Campus.

Hagemann A 1992. Very special relations: the 'Third' Reich and the Union of South Africa, 1933-1939. **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal** 27: 127-47.

Hepple A 1967. **Verwoerd.** Harmondsworth: Penguin.

Hexham I 1981. **The irony of apartheid; the struggle for national independence of Afrikaner Calvinism against British imperialism.** New York: Edwin Mellen.

Kapp PH 2003. Die toekoms van die verlede. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 43(3 en 4): 277-89.

Krüger DW 1969. **The making of a nation; a history of the Union of South Africa, 1910-1961.** Johannesburg: Macmillan.

Liebenberg BJ 1968. Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961. In: Muller CFJ (red.) **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis**, pp. 371-401. Pretoria: Academica.

Moll JC 1985. **Fascisme - die problematiek van verklaringsvariante; Fascisme en Suid-Afrika.** Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Moodie TD 1975. **The rise of Afrikanerdom; power, apartheid and the Afrikaner civil religion.** Berkeley: University of California.

Morphew DJ 1989. **South Africa: the powers behind.** Kaapstad: Struik.

Munger ES 1979. **The Afrikaners.** Kaapstad: Tafelberg.

Mzimela SE 1980. Nazism and apartheid: the role of the Christian churches in Nazi Germany and apartheid South Africa. New York: ongepubliseerde PhD-proefskrif, New York University.

O'Meara D 1983. **Volkskapitalisme; class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948.** Johannesburg: Ravan.

Patterson S 1957. **The last trek; a study of the Boer people and the Afrikaner nation.** Londen: Routledge en Kegan Paul.

Sachs ES 1965. **The anatomy of apartheid.** Londen: Collet's.

Schellack W 1992. The Afrikaners' Nazi links revisited. **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal** 27:173-85.

Scholtz GD 1974. **Dr Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966.** Band 1. Johannesburg: Perskor.

Scholtz L en Scholtz I 2002a. Die Afrikaner en die demokrasie I: die negentiende eeu. **Historia** 47(1): 291-314.

Scholtz L en Scholtz I 2002b. Die Afrikaner en die demokrasie II: die dekades voor 1948. **Historia** 47(2): 679-708.

Schutte GJ 1986. **Nederland en de Afrikaners; adhesie en aversie.** Franeker: Wever.

Seidman A en Seidman N 1977. **US multinationals in Southern Africa.** Dar es Salaam: Tanzania Publishing House.

Simson H 1980. **The social origins of Afrikaner Fascism and its apartheid policy.** Uppsala: Acta Universitatis Upsalensis.

Sparks A 1990. **The mind of South Africa.** New York: Knopf.

Terblanche HO 1983. **John Vorster; OB-generaal en Afrikanervegter.** Roodepoort: CUM.

Thom HB 1980. **DF Malan.** Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden FJ 1972. Nasionalisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948. Bloemfontein: ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Van Jaarsveld FA 1969. **Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1961.** Johannesburg: Voortrekkerpers.

Vatcher WH 1965. **White laager; the rise of Afrikaner nationalism.** Londen: Pall Mall.

Vickery KP 1974. Herrenvolk democracy and egalitarianism in South Africa and the U.S. South. **Comparative Studies in Society and History** 16: 309-28.

Walker EA 1957. **A history of Southern Africa.** Londen: Longmans (Derde uitgawe).

Woolf SJ (red.) 1981. **Fascism in Europe**. Londen: Methuen.